Violetta

Ria Smuts

VRAE

LETTERLIK

Vraag 1.

1.1. Pas KOLOM A by KOLOM B. (3)

	KOLOM A		KOLOM B
1.1.1.	Wie geskinder het.	A	Al die jare.
1.1.2.	Oor wie daar geskinder is.	B	Die dorp se mense.
1.1.3.	Wanneer hulle geskinder het.	C	Juffrou Adler en meneer Steyn.

1.2. Wanneer het die verteller daarvan gehoor? (1)
1.3. Waar was die verteller en haar maats toe hulle van die verhouding tussen juffrou Alberts en meneer Styen gehoor het? Gee TWEE feit. (2)
1.4. Wie het gesê dat sy ‘n geheim het. (1)
1.5. Wie het haar gesoebat om hulle te vertel wat die geheim is? (1)
1.6. Wat se spesiale verhouding was daar tussen die verteller en Hester? (1)
1.7. Wat wou Sannie Booysen hê voordat sy haar geheim gaan vertel. (1)
1.8. Haal EEN woord uit die volgende aanhalimg uit die storie wat sê dat dit nie die eerste keer is dat hulle Sannie vir ‘n geheim moet betaal nie. (1)

Sannie se geheime kos altyd iets.

1.9. Hoekom kan niemand anders Hester help om met hulle kos vir die geheim te betaal nie? (1)
1.10. Wat bied Hester as betaling aan? (1)
1.11. Hoe probeerHester Sannie Booysen oorreed dat dit ‘n goeie transaksie is? Gee TWEE feite. (2)
1.12. Haal die GEDEELTE VAN ‘n SIN aan uit die storie wat sê dat Sannie eers oor die aanbod van die halwe dadeltoebroodjie dink voor sy dit weier. (1)
1.13. Haal die GEDEELTE VAN ‘n SIN uit die storie wat sê dat Hester eers dink of sy haar hele dadeltoebroodjie vir Sannie Booysen moet gee of nie. (1)
1.14. Haal die GEDEELTE VAN ‘n SIN uit die storie wat sê dat Hester baie graag die geheim wil hoor. (1)
1.15. Wat doen Sannie Booysen om die ander selfs nog meer angstig te maak om die geheim te hoor? Gee TWEE feite. (2)
1.16. Wat se geheim vertel Sannie Booysen hulle? Haal haar DIREKTE woorde aan. (2)
1.17. Hoe reageer Anneke oor al die geheime waarvan sy hoor? (1)
1.18. Hoe weet Sannie Booysen dat dit die waarheid is dat meneer Steyn en juffrou Adler ‘n verhouding het? Gee TWEE feite. (2)
1.19. Hoekom sal Ina ‘n betroubare bron wees? (2)
1.20. Hoeveel jaar ouer is Sannie Booysen as die verteller en haar maats? (1)

1.21. In watter graad was Ina Booysen toe ? (1)
1.22. Wat vra die verteller vir Hester toe hulle voor die klaskamer in 'n ry staan? (1)
1.23. Wat het die verteller gemaak asof sy doen omdat hulle nie mag praat nie?
1.24. Wat sê Hester is dit om te vry? (1)
1.25. Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Gee ook ‘n rede vir jou antwoord. (2)

Hester en haar broer is die enigste twee kinders in hulle familie.

1.26. Waarin kyk die verteller by die huis wat “vry” is? (1)
1.27. Hoekom moes sy in ‘n ou woordeboek kyk wat “vry” is? Gee TWEE feite. (2)
1.28. Wat se twee woorde kry wat in engels verduidelik wat “vry” is. (2)
1.29. Watter een van die twee woorde ken sy? (1)
1.30. Wat, volgens die verteller, beteken “flirt”? (1)
1.31. Waar het die verteller die woord in aksie gesien? (2)
1.32. In watter graad is die nuwe seun? (1)
1.33. Watter kleur is die nuwe seun se skoolbaadjie? (1)
1.34. Van watter skool kom hy? (1)
1.35. Wat beteken “court” volgens die woordeboek waarin die verteller die opsoek? (1)
1.36. Hoekom dink die verteller kan meneer Steyn nie “engaged” raak nie? (1)
1.37. Met watter woord het die verteller ‘n probleem? (1)
1.38. Wat sê die woordeboek beteken “mate”? (1)
1.39. Wat is “maté” (1)
1.40. Wat was die verteller se ma in haar slaapkamer besig om te doen? Gee TWEE feite. (2)
1.41. Hoekom kon die verteller se ma haar nie onmiddellik antwoord nie. (1)
1.42. Hoe verduidelik die verteller se ma aan haar wat “mating” is? (4)
1.43. Hoekom sê die verteller wil sy weet toe haar ma haar vra? (1)
1.44. Wat doen die verteller onmiddellik omdat sy ongemaklik oor die gesprek voel. (1)
1.45. Wie is Trooi? (1)
1.46. Waar is Trooi? (1)
1.47. Wat is Trooi besig om te doen? (1)
1.48. Haal ‘n sin aan uit die storie wat sê dat die verteller en die bediende baie goed oor die weg kom. (1)
1.49. Wat sê Trooi vir die verteller van “vry”? Gee TWEE feite. (2)
1.50. Wat sê Trooi vir die verteller doen ‘n mens as jy vry? Gee VIER feite. (4)
1.51. Hoekom kon die verteller nie meer informasie oor vry by Trooi kry nie. Gee TWEE feite. (2)
1.52. Wie het die Sondagmiddag kom kuier? (1)
1.53. Waaroor praat die verteller se pa en die oom? (1)
1.54. Wat doen die verteller? (1)
1.55. Hoekom moet ‘n gedeelte van die gemeente afstig? (2)
1.56. Wat sê meneer Van Zyl gaan die afgestigte gemeente wees omdat dit al die jare droog was? (1)
1.57. Wat sê meneer Viljoen het party mense ‘n behoefte aan? (1)
1.58. Hoe verewig party mense hulleself? (1)
1.59. Wanneer het tannie San Van Zyl ‘n gaping gesien en dit gegryp om iets te sê? Noem DRIE feite. (2)
1.60. Wat sê tannie San Van Zyl toe sy die gaping gryp? Skryf dit in die INDIREKTE REDE. (2)
1.61. Wat se twee instruksies gee mevrou Viljoen vir die verteller nadat sy mevrou San Van Zyl in die rede geval het? (2)

1.62. Hoekom draal die verteller verniet met die mes en luister verniet om die draai? (1)
1.63. Wat vra die verteller daardie aand vir haar ma? Gee TWEE feite. (1)
1.64. Hoekom sê die verteller se ma kan die mense van die klein dorpie juffrou Adler nie met rus kan laat nie? (2)
1.65. Alhoewel die verteller niks meer uitgevind het nie, weet sy nou iets van haar ma. Wat is dit? (1)
1.66. Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Gebruik 'n aanhaling uit die storie om jou antwoord te staaf. (2)

Juffrou Adler woon nie ver van die verteller af nie.

1.67. Noem 'n paar fisiese eienskappe van juffrou Adler. (3)
1.68. Het juffrou Adler 'n aangename persoonlikheid? Haal bewyse uit die storie aan. (3)
1.69. Wat het sy in een van haar voortande? (1)
1.70. Wanner het die verteller by haar musiekles? (1)
1.71. Hoekom is dit vir die verteller lekker? (1)
1.72. Wat dink die verteller van die stukke wat hulle elke jaar moet leer vir die musiekeksamen. Gee TWEE feite. (2)
1.73. Hoekom is dit vir die verteller lekker om langs juffrou Adler te sit? (1)
1.74. Wat se kleur is die gordyne in haar musiekkamer? (1)
1.75. Waarvandaan kom die mat wat op die vloer lê? (1)
1.76. Wat staan in die vensterbank? Gee TWEE feite. (2)
1.77. Wat hang bokant die klavier? (2)
1.78. Wat se kleure is die rokke wat die twee meisies dra? (2)
1.79. Wat se kleur is die gordel en die strik wat een van die meisies dra? (1)
1.80. Wat se kleur is die een met die rooi rok se kragie? (1)
1.81. Wie het die skildery geskilder? (1)
1.82. Van watter land is hy afkomstig? (1)
1.83. Waarvoor was die skilder lief? (1)
1.84. Wat is die verskil tussen die verteller se vorige musiekonderwyser, mevrou De Villiers en Juffrou Adler met betrekking tot hulle onderrigmetodes. (4)
1.85. Wat sê juffrou Adler altyd as sy sien die verteller laat haar polse hang wanneer sy klavier speel? Skryf haar DIREKTE woorde. (1)
1.86. Wat se vakke gee juffrou Adler op skool? (2)
1.87. Wat was juffrou Adler se pa? (1)
1.88. Van watter stad kom juffrou Adler se pa? (1)
1.89. In watter land is die stad? (1)
1.90. Met wie het juffrou Adler se pa getrou? (1)
1.91. Wat is die verskil tussen die Afrikaans en die Duits wat juffrou Adler praat. (2)
1.92. Hoe lyk al die huise in die verteller se straat? (4)
1.93. Wat se blomme plant juffrou Adler ook? (4)
1.94. Wat rank teen haar stoepmuur? (1)
1.95. Wat hang juffrou Adler teen haar voordeur wanneer Kersfees naderkom? (4)
1.96. Wat staan op haar klavier wanneer Kersfees naderkom? (1)
1.97. Waarvoor is die venstertjies wat 'n mens versigtig moet oopmaak? (2)
1.98. Wat hang aan die sitkamerlig? (1)
1.99. Hoekom kan 'n mens sê juffrou Adler is asiosiaal? Noem DRIE feite. (3)
1.100. Wat doen juffrou Adler elke Sondagoggend? (1)
1.101. Wat bak sy vir die stoepverkopings van die vroueverenigings? (1)
1.102. Wat het juffrou Adler baie van in boekrakke? (1)
1.103. Wat brand tot saans laat? (1)

1.104. Wie se kar staan soms voor haar deur?
1.105. Wat was die verteller se pa een aand besig om die nat te spuit? (1)
1.106. Wat was die verteller besig om te doen? Gee TWEE feite. (2)
1.107. Waarvandaan het die verteller se ma die plant saamgebring? (1)
1.108. Hoekom sukkel die plant in daardie wêreld? (1)
1.109. Waarop wys die buurman die verteller se pa? (2)
1.110. Wat si die verteller se pa se antwoord hierop? Skryf dit in die INDIREKTE REDE. (3)
1.111. Hoe wys die buurman dat hy nie met die verteller se pa saamstem nie? Gee TWEE feite. (2)
1.112. Hoekom skinder die mense oor juffrou Adler en meneer Steyn? Gee VIER feite. (4)
1.113. Hoeveel kinders het meneer Steyn en sy vrou? (1)
1.114. Wat is al wat die verteller juffrou Adler en meneer Steyn ooit sien doen? (2)
1.115. Wat is meneer Steyn se naam? (1)
1.116. Vir wie gee meneer Alfred Steyn Engels? (2)
1.117. Hoekom dink jy sukkel die kinders met Engels? (1)
1.118. Waaroor is meneer Albert Steyn vreeslik entoesiasties? (1)
1.119. Uit watter van Shakespeare Shakespeare se dramas lees graag meneer Albert Steyn graag stukke voor? (1)
1.120. Wat is die tema van Anthony and Cleopatra. (1)
1.121. Wat organiseer meneer Steyn? (1)
1.122. Wat gee meneer Steyn uit? (1)
1.123. Wat is meneer Steyn se politiese oortuiging? (1)
1.124. Wie laat meneer steyn koers hou? (1)
1.125. Wat is mevrou Steyn se naam? (1)
1.126. Hoekom sê die mense moet Getruida Steyn hare op haar tande hê? Gee TWEE feite. (2)
1.127. Wanneer het die verteller die eerste keer die Steyns se huis van binne gesien? (1)
1.128. Hoekom sê meneer Steyn het hy lank gevat om die deur oop te maak? (2)
1.129. Waar gaan sot meneer Steyn en die verteller? (1)
1.130. Wat hang bokant die rusbank? (1)
1.131. Watter kleur is die bank? (1)
1.132. Wat staan teen die rugleuning van die bank? (1)
1.133. Wat is op die kussings uitgewerk? (1)
1.134. Watter kleure is die katte? (2)
1.135. Wat is die katte se hare? Gee DRIE woorde. (1)
1.136. Wat is hulle oë? (1)
1.137. Wat is alles verkeerd met die geel kat? Gee VIER feite. (4)
1.138. Wie het die kussings met die katte op gemaak? (1)
1.139. Wat gee juffrou Adler vir die verteller in graad 9? (1)
1.140. Wat is die enigste probleem wat die kinders met juffrou Adler het? (1)
1.141. Wat is die vaste patroon wat die kinders moet volg wanneer hulle opstelle skryf? (6)
1.142. Hoekom voel die kinders soms vies oor die formaat? (2)
1.143. Beskryf waar meneer Steyn en juffrou Adler pouses in die personeelkamer sit? Gee VIER feite. (4)
1.144. Hoekom merk meneer Steyn en juffrou Adler nie op dat die kinders hulle soms dophou nie? (2)
1.145. Wat het die seuns een pouse gedoen? (2)
1.146. Wat se kar ry meneer Steyn? Gee TWEE feite. (2)

1.147. Wat se kar ry juffrou Adler? Gee TWEE feite. (2)
1.148. Hoekom staan almal rond toe die skool uitkom? (1)
1.149. Wat doen meneer Steyn toe hy die linte sien? Gee VIER feite. (4)
1.150. Wat se opmerking maak Bok Brandt. Skryf die in die INDIREKTE REDE. (2)
1.151. Wat het een van die seuns in die koshuis na die kort vakansie van die huis af gebring? (2)
1.152. Wat doen die seuns toe een Saterdag? (3)
1.153. Hoeveel ker het die al gespeel toe die koshuisvader vasstel waar die kabaal vandaan kom? (1)
1.154. Wat doen party van die seuns op die skoolterrein? (1)
1.155. Wanneer veral doen hulle dit? (1)
1.156. Wat kan die leerlingraadslede hieroor doen? (1)
1.157. Wanneer het die hele musiekwaardering? (2)
1.158. Wat het hulle al gedurende die periode gedoen? (2)
1.159. Wat doen hulle gewoonlik gedurende die periode? (1)
1.160. Hoekom is daar altyd 'n hele klompie onderwysers wat toesig hou in die saal? (1)
1.161. Waar sit die kinders? (1)
1.162. Waar sit die onderwysers? Gee DRIE feite. (3)
1.163. Waar sit juffrou Adler altyd? Gee TWEE feite. (2)
1.164. Wat het van die vorige musiekonderwyser geword? (1)
1.165. Vir hoe lank het die skool nie musiekwaardering gehad nie. (1)
1.166. Wanneer het die skool ‘n nuwe onderwyser wat musiekwaardering gegee het gekry? (1)
1.167. Waar het die jong juffrou gestudeer? (1)
1.168. Watter opera het sy besluit om met die kinders te doen? (1)
1.169. Wat doen die juffrou voordat sy die kinders na uittreksels uit die opera laat luister? (1)
1.170. Wat is die hoofkarakter in die opera, La Traviata, se naam? (1)
1.171. Wat doen die kinders toe hulle hoor die hoofkarakter s enaam is Violetta? (1)
1.172. Het die kinders geweet wat ‘n *courtisane* is? Haal ‘n sin aan uit die storie om jou antwoord te staaf. (2)
1.173. Wat is ‘n *courtisane*? Sê dit in jou eie woorde. (2)
1.174. Wat gebeur direk nadat die musiekjuffrou verduidelik het wat ‘n *courtisane* is? (1)
1.175. Wat doen die kinders? (1)
1.176. Wat doen die onderwysers? (1)
1.177. Wat doen juffrou Adler? (1)
1.178. Waar begin die storie van La Traviata? (1)
1.179. Wie is die ander belangrike gas wat by die party is? (1)
1.180. Wat gebeur die oomblik toe Alfredo Violetta ontmoet? (1)
1.181. Wie runnik skielik kliphard? (1)
1.182. Wat gebeur direk daarna? (1)
1.183. Hoe probeer die onderwysers wegsteek dat hulle lag? Gee VIER feite. (1)
1.184. Watter onderwyser lag sommer opnelik? (1)
1.185. Wat se vak gee hy? (1)
1.186. Wie lag bulderend en slaan op sy bobene? (1)
1.187. Wie word bloedrooi en druk 'n sakdoek oor haar neus en mond? (1)
1.188. Wat se vak gee sy? (1)
1.189. Hoe kan die kinders sien dat juffrou Bloemenstein lag voordat sy openlik uitbars van die lag? (2)

1.190. Wie is die enigste groep wat nie lag nie? (1)
1.191. Hoekom lag hulle nie? (1)
1.192. Wat is juffrou Alder se reaksie? (3)
1.193. Lag die verteller? Haal aan uit die storie om jou antwoord te staaf. (2)
1.194. Wat laat die kinders onmiddellik stilbly. (1)
1.195. Hoekom het die verteller na die jaar nie veel geweet van wat in die dorp aangaan nie? (1)
1.196. Wat was die verteller se enigste kontak met die dorp oor die jare? (1)
1.197. Met wie het Hester getroue? (1)
1.198. Waarnatoe het meneer Steyn op die einde gegaan? (1)
1.199. Hoekom was dit snaaks dat meneer Steyn nooit bevordering gekry het nie. Gee TWEE feite. (2)
1.200. Pas KOLOM A by KOLOM B oor wat Hester die vorige jaar in 'n brief aan die verteller oor juffrou Adler geskryf het?

	KOLOM A		KOLOM B
1.200.1.	Sy al 'n ruk afgetree.	A	Hoe sy lyk.
1.200.2.	Sy is ernstig siek.	B	Sy het ophou werk.
1.200.3.	Sy 'n bietjie ouer.	C	Sy is nie gesond nie.
1.200.4.	Sy baie swakker.	D	Sy is nie meer so strek nie.
1.200.5.	Sy steeds 'n mooi vrou.	E	Sy is nog steeds 'n perfeksionis.
1.200.6.	Haar gees is so helder soos altyd.	F	Wat haar ouderdom betref.
1.200.7.	Sy bestuur nog haar huishouding met dieselfde presiesheid	G	Sy is nog steeds vurig.

1.201. Wat het die verteller een oggend in die pos gekry? (1)
1.202. Wat was in die koevert? (1)
1.203. Wat se onstellende nuus kry die verteller? (1)
1.204. Haal aan uit die storie wat sê dat juffrou Adler vreedsaam gestref het. (1)
1.205. Wat is Hester se man se naam? (1)
1.206. Wat was Ben se verhouding met juffrou Adler? (1)
1.207. Wat het hy met die koevert gedoen waarin die testament was? (1)
1.208. Wat het Hester geraak? (1)
1.209. Aan wie het juffrou Adler alles bemaak? (1)
1.210. Wat was 'n uitdruklike stipulasie in die testament? (4)
1.211. Wat verbeel die verteller ruik sy? (1)
1.212. Hoekom is die verteller doodseker dat juffrou Adler op die koevert geskryf het? (4)

VRAE

NIE-LETTERLIK

Vraag 2

2.1. Wat sê dit vir ons van die mense van die dorp as dit sê dat hulle al die jare oor juffrou Adler en meneer Steyn geskinder het? (2)
2.2. Hoekom dink jy het die verteller eers vir die eerste keer daarvan gehoor toe sy in graad vier is? (3)
2.3. Hoekom sal Sannie Booysen spog dat sy 'n geheim het? (2)
2.4. Hoekom sal Hester soebat dat Sannie vir hulle die geheim moet vertel. (1)

2.5. Hoekom sal Sannie tevrede wees met “kos” as betaling? (1)
2.6. Hoekom dink jy het Hester gedink Sannie sal meer beïndruk wees as sy sê haar ma het die dadelbrood self gebak? (2)
2.7. Verduidelik: “Sannie pers haar lippe op mekaar…” (1)
2.8. Hoekom dink jy vat Sannie eers 'n groot hap en kou lank daaraan voordat sy praat? (2)
2.9. Hoekom sal geheime, Anneke, wie se pa die dominee is, altyd skok? (2)
2.10. Hoekom maak die feit dat Sannie ‘n jaar ouer is en haar suster Ina in graad nege is, die geheim meer geloofwaardig? (2)
2.11. Hoekom durf die verteller nie haar onkunde voor Sannie bely nie? (1)
2.12. Hoekom word Hester se kennis oor wat “vry” is nie aanvaar nie omdat sy net 'n jonger boetie het? (2)
2.13. Hoekom dink jy was die woordeboek en nogal ‘n ou een daarby nie van veel hulp vir die verteller oor wat “vry” is nie. (2)
2.14. Wat se vorm van die woord “mate” het die verteller in die woordeboek gekry dat sy by die verklarings uitgekom het? (2)
2.15. Hoekom is nie een van die verklarings van “mating” iets waaroor Sannie se suster sou omgee nie? (2)
2.16. Hoekom vra die verteller haar ma sommer so om die deur wat “mating” is? (2)
2.17. Hoekom haal haar ma die spelde wat sy in haar mond het een vir een uit? (1)
2.18. Hoekom vra die verteller se ma hoekom sy wil weet? (2)
2.19. Hoekom weet die verteller dadelik dis 'n gesprek wat kortgeknip moet word? (2)
2.20. Verdudielik: “Ek en sy praat altyd kopstukke.” (2)
2.21. Wat insinueer Trooi as sy sê: “En jy kan verder ook gaan as jy lus het.” (1)
2.22. Verduidelik: “Dis 'n ou gesels.” (1)
2.23. Hoekom sê oom Van Zyl dat die gemeente gaan swaarkry n al di jare se droogte? (2)
2.24. Verduidelik hoe party mense hulself verewig deur 'n hoeksteen by 'n nuwe kerk te lê. (3)
2.25. Verduidelik: “verloor sy draad.” (1)
2.26. Hoekom doen die verteller se ma wat sy doen toe tannie Van Zyl oor die verhouding tusssen Violetta Adler en Alf Steyn begin praat? (2)
2.27. Wat bewys die verteller se ma deur tannie Van Zyl se skindepraatjies dood te praat. (1)
2.28. Hoekom draal die verteller met die mes en luister om die draai? (2)
2.29. Verduidelik: “Juffrou Adler laat nie toe dat mense in haar privaatlewe inkyk nie. Dit is waarom hulle haar nie met rus kan laat nie.” (3)
2.30. Wat lei ons af uit die verteller se beskrywing van juffrou Adler? (1)
2.31. Wat bedoel die verteller as sy sê juffrou Adler laat haar regte musiek ook speel - nie net die ou stukke wat 'n mens elke jaar moet leer vir die musiekeksamen nie. (3)
2.32. Wat sê dit vir ons van juffrou Adler se smaak as die verteller haar musiekkkamer beskryf? (2)
2.33. Hoe verskil juffrou Adler se benadering as sy vir die verteller sê dat mos oor die klawers wil dartel en nie aan die klavier wil hang nie as sy met haar voorvinger oor haar middelvinger klim teenoor mevrou De Villiers wat haar met ‘n potlood op die vingers getik het. (2)
2.34. Veduidelik wat dit is om te brei wanneer ‘n mens praat? (1)
2.35. Wat sê dit vir ons van juffrou Adler as sy 'n krans van dennetakke en bolletjies met 'n rooi lint teen haar voordeur hang wanneer Kersfees naderkom? (2)
2.36. Wat sê dit vir ons van juffrou Adler as dit sê dat sy nie dikwels by ander mense kuier nie en ook nie bidure en Pinksterdienste bywoon nie maar dat sy tog elke

Sondagoggend in die kerk is en Apfelstrudel vir die stoepverkopings van die vrouevereniging bak. (4)

2.37. Verduidelik: “Meneer Steyn se kar staan soms voor haar deur.” (1)
2.38. Verduidelik in watter weer die japonika goed sal groei n.a.v. dit wat in die storie gesê word. (2)
2.39. Wat probeer meneer Viljoen se buurman eintlik sê as hy na die blink Alfa daar anderkant van die vryersklong verwys? (3)
2.40. Wat probeer die verteller se pa doen as hy sê dat hulle Juffrou Adler en meneer Steyn kollegas is en dat hulle soms skoolsake moet bespreek. (2)
2.41. Hoekom pers die buurman sy lippe so styf op mekaar dat sy ken vol duike word? (1)
2.42. Verdudielik wat bedoel word met die buurman wat sê: “Soms, ja.” (2)
2.43. Hoekom het die verteller eers goed geweet waaroor die mense skinder toe sy hoërskool toe is? (2)
2.44. Hoekom het die verteller eers geweet wat vry is toe sy hoërskool toe is? (1)
2.45. Wat beteken dit as die verteller sê: “ Maar al wat ek ooit sien, is dat hulle met mekaar praat en baie lag.” (2)
2.46. Wat sê dit vir ons van meneer Steyn as dit in die storie sê: “Meneer Steyn is vreeslik entoesiasties oor Shakespeare en lees graag stukke voor, veral uit *Antony and C1eopatra* wat hy sê die mooiste drama oor die liefde is. Hy organiseer die debat en gee 'n baie goeie skoolkoerant uit, maar hy rig nie rugby af nie. (2)
2.47. Verduidelik wat dit is om polities links te wees. (1)
2.48. Verduidelik wat dit beteken as dit sê: “Dis sy vrou wat koers hou. Dis net sy wat sterk staan.”
2.49. Wat beteken dit om “hare op jou tande te hê”? (2)
2.50. Gee ‘n sinoniem vir “per abuis”. (1)
2.51. Wat sê meneer Steyn eintlik as hy sê dat hy eintlik nogal selde in die kamer kom. (2)
2.52. Wat sê dit van mevrou Steyn se smaak, na aanleiding van die verteller se beskrywing, van die sitkamer. (2)
2.53. Wat sê dit van mevrou Steyn se naaldwerkvaardighede as dit in die storie sê: “Die geel kat se oë is te na aan mekaar vasgewerk en hy kyk skeel, want die een oog hang laer as die ander. Sy voorpoot is ook 'n bietjie verkeerd.” (2)
2.54. Hoekom sê meneer Steyn in 'n neutrale stem dat sy vrou het hulle self gemaak het. (1)
2.55. Hoekom sal die verteller juis in die Steyns se sitkamer aan juffrou Adler se sitakmer dink? (1)
2.56. Wat beteken dit as die verteller sê is pynlik presies? (2)
2.57. Hoekom staan meneer Steyn en juffrou Adler se stoele gedurend pouse apart van die ander? (1)
2.58. Hoekom sal die seuns een pouse rooi papierlinte tussen die rooi Alfa en juffrou Adler se klein wit Volkswagentjie span? (2)
2.59. Wat bedoel Bok Brandt as hy skree: “Hou maar liewer alles binne-in jou broek”? (2)
2.60. Wat beteken dit as dit in die storie sê: “Alf Steyn se gesig is rooi.” (1)
2.61. Hoe hanteer Juffrou Adler die sitausie as dit sê: “ Juffrou Alder klim in haar karretjie, knik vriendelik vir hom en ry weg.” (2)
2.62. Hoekom het die seuns die liedjie: “*Hear my song, Violetta”* een Saterdag gespeel en die liedjie op die speelterein gefluit? (1)
2.63. Hoekom kon die leerlingraadslede niks daaraan doen nie? (2)
2.64. Wat is ‘n “opera”? (2)
2.65. Hoekom sal die seuns lastig wees tydens musiekwaardering? (1)

2.66. Hoekom sal daar altyd 'n hele klompie onderwysers wees wat toesig hou in die saal gedurende musiekwaardering? (1)
2.67. Hoekom kyk die kinders ondeund na juffrou Adler toe die musiekjuffrou sê dat die hoofkarakter se naam Violetta is?
2.68. Hoekom gaan daar 'n rimpeling deur die saal toe die muskiejuffrou sê dat Violetta 'n *courtisane* is en verduidelik wat dit is? (3)
2.69. Hoekom kyk die kinders na hul maats en dan na die onderwysers? (1)
2.70. Hoekom kyk die onderwysers strak voor hul uit? (2)
2.71. Hoekom roer Juffrou Adler nie? (1)
2.72. Hoekom bars die hele saal uit van die lag toe die musiekjuffrou die storie verder vertel? (2)
2.73. Hoekom runnik Bok Brandt skielik kliphard? (2)
2.74. Hoekom is daar vir ‘n oomblik stilte? (1)
2.75. Hoekom sal 'n lagbui van die graad twaalf-seuns begin versprei? (1)
2.76. Hoekom kyk die onderwysers na mekaar en kyk af op hul skote en begin glimlag en hou hulle hande oor hulle oë en vat aan hul neuse? (1)
2.77. Wat sê dit van Meneer Nel, die wiskunde-onderwyser en die sportonderwyser wat openlik lag? (2)
2.78. Wat sê dit van ou juffrou Van Blommenstein wat eers bloedrooi word en dan 'n sakdoek oor haar neus en mond druk waarna haar swaar boesem begin ruk terwyl trane oor haar wange loop en dan eers, wanneer die druk te groot word, proes deur alle versperrings en haar kop in haar hande laat val en skommel soos sy lag? (3)
2.79. Hoekom sal die musiekjuffrou “onthuts” wees? (2)
2.80. Hoekom is dit byna net die graad agts, wat heel voor sit, wat nie lag nie, omdat hulle nog nie die grap verstaan nie? (1)
2.81. Hoekom glimlag juffrou Adler vir die musiekonderwyseres met haar groot blou oë? (1)
2.82. Hoekom waag die verteller dit nie om te lag nie? (1)
2.83. Hoekom het die musiekjuffrou dit beter gedink om die musiek verder te speel sonder om verder die storie te vertel. (2)
2.84. Wat sê dit as die verteller sê dat sy die volgende jaar daar weg is en dat haar enigste kontak met die dorp oor die jare haar ou vriendin, Hester, was? (1)
2.85. Wat beteken dit as dit in die storie sê: “Seker maar nie die regte mense geken nie” en “Die baantjies is mos maar vir die boeties.” (2)
2.86. Hoekom dink jy het meneer Steyn nooit ‘n bevordering gekry nie? (1)
2.87. Hoekom het juffrou Adler alles aan liefdadigheid bemaak? (1)
2.88. Hoekom was daar ‘n uitdruklike stipulasie dat geen sent hier op die dorp bestee mag word nie? (2)
2.89. Hoekom was die stipulasie dat geen geld binne 'n radius van vyftig kilometer, gemeet van die hoërskool af, bestee mag word nie? (1)
2.90. Wat sê dit van juffrou Adler dat daar in blokletters op die koevert staan staan: “TESTAMENT VAN VIOLETTA ADLER” en dat daarna 'n oop spasie is en dat daaronder ‘n ferm, netjiese streep, met ‘n liniaal, getrek is? (2)

VORMASPEKTE

VRAAG 3

3.1. Wat se tipe verteller is aan die woord in die storie? (1)
3.2. Wat is die tema van die verhaal? (2)
3.3. Bespreek die ironie in die verhaal. (5)

3.4. Daar is ‘n duidelike verskil in die smaak van juffrou Adler en meneer Steyn se vrou. Bespreek dit aan die hand van voorbeelde uit die storie. (10)

3.5. Bespreek die verhouding tussen meneer Steyn en juffrou Adler aan die hand van die volgende punte:

3.5.1 Hoekom dit begin het. (5)

3.5.2 Hoekom dit geëindig het. (3)

3.5.3 Die dorp se reaksie daaroor. (2)

3.5.4 Die skool se reaksie daaroor. (5)

3.5.5 Die verteller se reaksie daaroor. (5)

3.6. Meneer Steyn en juffrou Adler het nie hulle verhouding geheim gehou nie. Haal aan uit die strorie om dit te bewys. (10)